

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Lees: Kol.2:13 tot 3:17

Teks: Kol.2:13,14; 3:1,4

HK: Sondag 17

Datum: 12 Februarie 2012

Psalms: 48:1,5; 43:3,4; 16:1; 16:2,3; 16:4,5

1. Inleiding

- Ons kan die paradys van Genesis 2 met een woordjie beskryf: LEWE! In Eden het Adam en Eva geleef in die volste, in rykste, in die heerlikste sin van die Woord.
- Ons kan ook die geskiedenis van die mensdom na die sondeval met een woordjie omskryf: met die huiweringwekkende woord DOOD! Toe die mens gesondig het, het die DOOD in al sy verskrikking ingetree.
- En nou die opstanding van Christus: Ook dit kan ons met een woordjie beskryf: LEWE! Paradyslewe. God se Paradys herrys uit die puinhoop van die ou Paradys.

Maar dan wil ek dit reeds hier aan die begin met die grootste moontlike nadruk by u tuisbring: Daardie lewe kan ons nooit, ooit, selfs vir geen enkele oomblik losmaak van Christus nie. Paulus noem Christus uitdruklik: Christus wat ons lewe is. (Kol 3:4) Ook Johannes noem Hom so: die weg en die waarheid en die *lewe* (Joh.14:6), die *opstanding* en die *lewe* (Joh.11:25).

Met hierdie *lewe* word bedoel: DIE LEWE IN SY VOLLE OMVANG: die ewige lewe, die geestelike lewe, die ligaamlike lewe. Dit lê ALLES, alles in Hom en in die *krag* van sy opstanding. Hy is ons ewige lewe, ons geestelike lewe, ons liggaamlike lewe. Deur die groot heilsgebeurtenis van sy opstanding bring Hy - en Hy alleen - hierdie heerlike paradyslewe terug.

Ek behandel met u as tema die volgende:

ONS HERE JESUS BRING DEUR SY OPSTANDING DIE PARADYS-LEWE TERUG.

Hierdie wonder oordink ek met u aan die hand van drie punte:

1. Christus se opstanding en ons EWIGE LEWE;
2. Christus se opstanding en ons GEESTELIKE LEWE;en
3. Christus se opstanding en ons LIGGAAMLIKE LEWE.

2.1. Christus se opstanding en ons EWIGE LEWE

In die paradys het die mens die EWIGE LEWE gehad. Daarmee bedoel ek: Adam en Eva het geleef in die salige, heerlike teenwoordigheid van God. Elke dag het hulle die onbeskryflike groot en wonderlike *liefde* van God ervaar. Die HERE het met hulle gewandel. Juis dít het die paradys die paradys gemaak het: dat die HERE met sy liefde en met sy goedheid met hulle was. DIT was ewige lewe.

Maar toe het die donkerste oomblik in die wêreldgeskiedenis aangebreek: die sondeval. Die mens het oor homself die doodsvonnis van Genesis 2 vers 17 gehaal: "...die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe" (Gen.2:17). Hierdie vonnis behels baie meer as maar net die sterwe van ons liggaam. Die mens het die EWIGE DOOD verdien. Dit beteken presies die teenoorgestelde as ewige lewe: ***In die plek van God se liefde het sy vreeslike toorn gekom***; en waar God in die paradys altyd met ons was, daar het ons nou die hel van Godverlatenheid verdien.

Ons sal moet besef: Ons kan onself nooit losmaak van die hartseer gebeurtenis van Genesis 3 nie. Wat daar gebeur het, het met ***ons*** gebeur, want Adam het daar in die paradys nie gestaan en geval as individu, as losstaande persoon, met wie ons niks te make het nie. O nee. Adam was ons hoof en verteenwoordiger. Ons was dus by hom ingesluit, inbegrepe. En daarom: Toe hy geval het, het ons saam met hom geval. Saam met hom het ons in die beskuldigdebank beland as mense wat niks anders as die ewige dood verdien nie.

Dit is van die grootste belang dat ons dit sal besef. Want as ons dit wéét, dan word die opstanding van ons Here Jesus so 'n geweldige, diep aangrypende gebeurtenis vir ons.

Want weet u wat sê die opstanding van Jesus vir ons? Dit sê: Ons staan nie meer in die beskuldigdebank nie. Die vonnis, *ons* vonnis, die verskriklike vonnis van die ewige dood is uitgedien. 'n Ander het dit vir ons gedra. Volledig klaar gedra. Ons skuld is heeltemal betaal. Dit is die diepste betekenis van die opstanding van Christus.

Om die groot gebeurtenis van Christus se **opstanding** goed te begryp, moet u dit in die nouste verband met die **kruis** sien. Die oop graf het alles te make met die kruis van Golgota. Kom ek verduidelik dit aan u:

** Aan die **KRUIS** het ons Here Jesus *die ewige dood* gesterf in ons plek. Jesus, het die skuldbrief teen ons 1. uitgedelg en 2. weggeruim deur dit aan die kruis vas te nael, sê Kolossense 2:13-14.

1. Die woord *uitgedelg* beteken: *om uit te vee*, soos 'n mens dit wat op 'n swartbord geskrywe staan, met 'n borsel uitvee. In daardie tyd het die mense nog nie papier geken nie. Dit is eers baie eeue later ontdek. Hulle het op papirus wat van 'n sekere soort riet gemaak is, geskryf of op perkament wat van dierevel gemaak is. Die ink wat hulle toe gebruik het, het geen suur ingehad nie. Gevolglik het dit nie in die skryfmateriaal ingedring nie. Die ink het op die oppervlakte gebly en 'n skrywer kon dit weer maklik afvee. En nou sê Paulus: so het die Here die beskuldigings teen ons van die skuldbrief afgevee. Hoé is ons skuld uitgevee? Nie maklik nie. Met die kosbare bloed van die Lam. Die bloed van die kruis het dit gedoen.
2. In vers 14 staan daar: Hy het die skuldbrief *weggeruim deur dit aan die kruis vas te nael*. Dit is weer 'n ander beeld vir die vergifnis wat ons ontvang. Die lys van beskuldigings teen 'n gekruisigde misdadiger is saam met hom aan die kruishout vasgemaak. Dit het ook met Jesus gebeur, want in Matteus 27 vers 37 lees ons: "En bokant sy hoof het hulle sy beskuldiging in skrif opgestel: DIT IS JESUS, DIE KONING VAN DIE JODE". Hier ons ons teks gebeur egter 'n groot wonder: hier is nie sprake van 'n skuldbrief teen Jesus nie, maar teen ons. God het *ons* skuldbrief geneem en *ons* skuldbrief is aan Christus kruis vasgemaak. Ons sondes is op sy rekening geplaas en aan die kruis het Hy betaal vir ons oortreding. Deur die wonder van die kruis van Jesus is ons sondeskuld uitgevee en vereffen ... volledig BETAAL!

3. By hierdie BETAAL moet 'n mens dadelik dink aan vraag en antwoord 12 van die Kategismus. *God wil dat aan sy geregtigheid* – sy trou aan sy Woord van straf - *voldoen moet word; daarom moet ons daaraan òf deur onself òf deur 'n ander ten volle betaal.* En 'n Ander hét ten volle betaal.

** En nou staan die **OPWEKKING** van Christus in 'n nou verband met die KRUIS:

Die opwekking deur God die Vader – die opwekking is God se kwitansie aan bankrot skuldenaars. Dit is die Vader se betalingsbewys vir mense wat die skuld self nimmer as te nooit sou kon betaal nie. Vir ons sê die Vader met Jesus se opwekking: 'n Ander het dit vir julle gedoen. 'n Ander het volledig klaar vir julle BETAAL. Christus het aan God se geregtigheid voldoen deur ten volle te betaal. Daarom wek die Regter Hom op.

Maar ons moet die gebeurtenis van die opstanding nie alleen in negatiewe woorde beskryf nie. Die opstanding beteken nie alleen *negatief* dat ons nie meer die ewige dood hoef te sterf nie. Dit hou ook *positief* in: die EWIGE LEWE is terug. Toe ons Heiland uit die graf uit verrys het, het saam met Hom en in Hom en deur Hom en danksy Hom die nuwe paradys, die verlore lewe, uit die graf verrys.

En wat meer is: Toe Jesus opgestaan het uit die graf, het *ons saam met Hom* opgestaan. En toe Hy uit die graf die EWIGE LEWE ingestap het, het ons saam met Hom die ewige lewe ingestap.

Maar ons kom by die tweede:

2.2. Christus se opstanding en ons GEESTELIKE LEWE

Wat die paradys so 'n mooi plek gemaak het, was dat die mens geLEEF het. Hy het geleef vir God en vir sy naaste. Hy het GEESTELIK geleef. Sy hart was vol *liefde* vir sy Skepper en sy mede-skepsele.

Maar toe die mens in sonde geval het, het hy ook in hierdie opsig gesterf. Deur die sondeval het ons vyande van God en haters van ons naaste geword. Dit noem die Bybel: dood, dood in die misdade en die sonde. Die GEESTELIKE DOOD.

Maar ook uit hierdie sondegraf het ons opgestaan toe Christus opgestaan het.

In Kolossense 3 lê Paulus die allernouste verband tussen ons lewe as nuwe mense, ons lewe as mense wat geestelike weer lewe **enersyds** en die opstanding van Christus andersyds. Ons kan Paulus se woorde in vers 1 en verder so saamvat: “As julle dan saam met Christus opgewek is...”, terwyl julle dan saam met Christus uit die graf uit opgewek is...leef nou ook so soos mense wat nie meer in die graf van die sonde lê nie.

Ons nuwe lewe, ons wedergebore lewe, ons bekering het alles en alles te make met die opstanding van Jesus. Sy opstanding is die geheim van ons nuwe lewe.

In die derde deel van ons Kategismus word ons bekering beskryf as die afsterwing van die ou mens en *die opstanding van die nuwe mens*. Aan die eenkant is bekering die afsterf van die ou mens wat onder die heerskappy van die sonde gestaan het. Aan die anderkant is die bekering die opstanding van die nuwe mens, die mens wat onder die nuwe heerskappy van Christus staan, die nuwe mens vir wie dit ‘n hartlike vreugde is om God te dien.

Maar nou wil u baie ernstig waarsku: As ons die fout van ons lewe wil maak, dan moet ons ons bekering losmaak van die opstanding van Christus. Dit kan ons nooit doen nie. Ewe min as wat ons enigsins self uit die graf van die ewige dood en uit die graf van ons liggaam kan opstaan sonder die opstanding van Christus, ewe min kan ons uit die graf van die geestelike dood opstaan sonder die opstanding van Christus. Christus is ons *lewe*: dit beteken ons EWIGE, ons LIGGAAMLIKE en, ja ook, ons GEESTELIKE lewe. Daar, daar in die opstanding van Christus, daar is ons bekeer. Daar is ons wedergebore. Daar is die nuwe mens gebore, die mens wat weer geestelik lewe.

En werklik, dit is nie ‘n saak van een keer nie. Nimmer as te nooit kan ons sê: Nou is ek ‘n nuwe mens deur die opstanding van Christus en nou het ek die opstanding van Christus nie meer nodig nie. Nou kan ek **self** aangaan en **self** leef as nuwe mens. O nee. Alleen deur voortdurend te leef vanuit die krag van Christus se opstanding, kan ons bly leef as nuwe mense. Ons het nie die lewe in onself nie, maar Christus is ons lewe. Jesus is die ware wynstok en ons die lote. Alleen as ons in Hom bly, dra ons veel vrug (Joh.15). Dit beteken sekerlik ook: om te bly in sy opstanding, om te glo in

sy opstanding, om te leef uit sy opstanding. Die heilswerk van Christus is ons lewenssap. Daar sonder kan ons nie leef nie. Daar sonder kan ons nie vrugte dra nie.

Maar ons kom by die derde vrug:

2.3. Christus se opstanding en ons LIGGAAMLIKE LEWE

Wanneer ons by 'n oop graf staan, is dit so heerlik om te weet: ***Die opstanding van Christus is die waarborg van ons salige opstanding.***

Maar hoe is dit moontlik dat Christus se opstanding die waarborg en die versekering van ons opstanding kan wees? Die antwoord is: Ons moet Christus nie sien as individu, as losstaande persoon nie. Nee, ons moet Hom sien as ons Borg. Ons is by Hom ingesluit en inbegrepe. Toe Hy dus in die graf ingegaan het, het ons saam met Hom daarin gegaan. En toe Hy daaruit opgestaan het, het ons saam met Hom uit die dood en uit die graf uit opgestaan.

Deur ons verbondenheid met Adam het die liggaamlike dood oor ons gekom. Deur ons verbondenheid met Christus sal ook ons liggame eenmaal uit die graf verreis. Immers, die liggaam van ons Here Jesus het opgestaan.

Ek het klaar opgestaan. In Christus. Christus wat my lewe is.

Dit sien ek nog nie met hierdie oog van die liggam nie, maar ek sien dit met die oog van die geloof: Christus lewe en Hy is my lewe.

3. Slot

Wanneer Christus opstaan uit die graf, breek in hierdie doodsval diep en donker die paradys weer deur. Daar het ons die aanvang en die begin van die nuwe paradys met sy heerlike LEWE. Dan is die lewe in al sy volheid weer terug: die ewige lewe, die geestelike lewe, die liggaamlike lewe.

AMEN